

Gereformeerde Kerk Bellville – 22 Mei 2016 – Oggend

Sing vooraf staande: Skrifberyming 9-2:1, 9

- 1 God het gesê: “Ek is die Here / wat jou uit sondeslawerny gelei het na ’n nuwe lewe. / Jy mag geen god hê, buiten My!”
- 9 Deur u volmaakte wet, o Here, / ontdek ons steeds ons sondigheid; u Gees bring ons die heil in Christus / dat ons kan leef uit dankbaarheid.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 93:1, 2 (p. 470)

- 1 Die HEER regeer. Die kleed van heerlikheid / wat Hom omstraal, is enkel majesteit. En deur sy krag, wat enkel triomfeer, / hou alles stand, dit wankel nimmermeer.
- 2 U troon, o HEER, het ewig vasgestaan. / U is die HEER van ewigheid af aan. Rivier en meer het woedend opgebruis, / hul hoog gehef, geklots met groot gedruis.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 19:5, 6 (p. 83)

- 5 Die HEER se vrees is rein, / dit open ’n fontein / van heil wat ewig bly. Die wette van die HEER / is waarheid immermeer, / regverdig net soos Hy. Hul’s soos die fynste goud – / ja, fyner duisendvoud – / geen glans wat so kan straal nie; geen heuning is so goed, / geen heuningdrup so soet – / daar’s niks wat daarby haal nie.
- 6 Hoe word, deur U vermaan, / my weg ’n helder baan, / en my verwagting skoon! Hy wat u wet bemin, / die vind, o HEER, daarin / ’n groot genadeloon. Wie kan van voor af aan / sy dwalinge verstaan / en al wat hom ontbreek het? HEER, reinig U my tog / van sondes wat daar nog / diep in my hart bly steek het.

Gebed

Psalm 25:2, 3 (p. 115)

- 2 Leer my, HEER, u regte weë, / wys die regte pad my aan; maak my hart daartoe geneë, / om met lus daarop te gaan. Wil my deur u waarheid leer, / lei my dwalende gedagte; want u is my heil, o HEER! / U is ek altyd te wagte.
- 3 Dink aan my in mededoë / as ek biddend voor u pleit; milde hande, vriendlike oë / is by U van ewigheid. Dink nie aan die sondes meer / van ’n yd’le jonkheidslewe; wil tog, om u goedheid, HEER, / ál my sondes my vergewe!

Skriflesing: Amos 7:1-17

Kernverse: Amos 7:7-8

Dit het Hy my laat sien – kyk, die Here het op ’n loodregte muur gestaan, en daar was ’n skietlood in sy hand. Toe sê die HERE vir my: Wat sien jy, Amos? En ek het geantwoord: ’n Skietlood. Daarop sê die Here: Kyk, Ek gaan ’n skietlood aanlê in die midde van my volk Israel. Ek sal hom verder nie meer verbygaan nie.
(Amos 7:7-8 AFR53)

Vooraf

Die boek Amos is een van die twaalf boeke in die laaste deel van die Ou Testament wat bekend staan as die twaalf klein profete. Van Amos weet ons nie baie nie behalwe dit wat in hierdie boek geskryf staan.

Amos was 'n skaapboer van Tekoa en hy het ook wilde vyne gekweek. Tekoa was 'n dorpie sowat sestien kilometer suid van Jerusalem in Juda. Amos was dus nie opgelei as 'n profeet nie, maar die Heilige Gees het hom toegerus met die gawes en die Here het hom beveel om as profeet teen sy volk Israel op te tree.

In hierdie stadium was dit nie meer een politiese volk Israel nie. Toe Salomo se seun Rehabeam koning geword het, het die ryk in twee geskeur. In die suide was dit die stamme Juda en Benjamin met Jerusalem as die hoofstad. En in die noorde was dit die ander tien stamme met Samaria as hoofstad. Die suidelike ryk is Juda genoem en die noordelike ryk Israel. Tussen Juda en Israel was daar nie altyd 'n gemaklike verhouding nie.

Amos het opgetree in die dae toe Ussia koning was in Juda (792-740 vC) en Jerobeam, die seun van Joas, koning was in Israel (793-753 vC). 'n Nadere aanduiding van wanneer Amos as profeet opgetree het was twee jaar voor die aardbewing. Hierdie aardbewing het volgens berekening iewers tussen 763 en 760 vC plaasgevind. Amos was dus 'n tydgenoot van die profete Hosea, Jesaja, Miga en Jona wat ook almal in die agtste eeu voor Christus opgetree het.

In die tyd toe Amos as profeet opgetree het, het Israel 'n rooskleurige tydperk beleef. Daar was nie buitelandse volke wat hulle bedreig het nie. Jerobeam was polities gesproke 'n bekwame en effektiewe koning. Sy regeringstyd word vergelyk met die dae toe Salomo koning was. Daar was politiese stabiliteit, materiële voorspoed en veiligheid. Maar dit was net die boonste deel van die samelewing wat uit hierdie welvaart voordeel getrek het. Hulle het oorgenoeg gehad om te eet en fees te vier. Maar sulke welvaart het ook nadele. Die inflasiespiraal het die kleinboere laat sug en bedrog en korrupsie het toegeneem. Die armes is veral uitgebuit.

Ten spyte van die ooglopende onreg wat geheers het, was die volk godsdienstig baie besig. Hulle het gereeld hulle feeste gevier waar hulle offers gebring het. Die heiligdomme by Bet-el, Gilgal en Dan is druk besoek. Baie was oortuig dat die Here aan hulle kant was en valse gerustheid het by hulle posgevat. Hulle het maar net gewag dat die Here die vyande van die volk sou verdelg.

Hier volg 'n struktuur van die boek:

1. Inleiding – Amos 1:1-2
2. Profesieë – Amos 1:3-6:14
 - 2.1 Profesieë teen die nasies – Amos 1:3-2:16
 - 2.2 Profesieë teen Israel – Amos 3:1-6:14
3. Visioene – Amos 7:1-9:15
 - 3.1 Drie visioene van die komende oordeel – Amos 7:1-9
 - 3.2 Tussen-in gebeure ('n Historiese mededeling) – Amos 7:10-17
 - 3.3 Twee verdere visioene van die komende oordeel – Amos 8:1-9:15

Die hoofstuk wat ons vanoggend lees bevat die eerste drie visioene. In die eerste twee visioene is daar dinge wat ons gaan opmerk waarom ons 'n klomp vrae sal hê, maar die tyd gaan ons nie toelaat om by daardie vrae stil te staan nie. Daarom sal daar by 'n latere geleentheid stilgestaan word by die eerste twee visioene en die besondere vrae wat daaruit na vore kom.

Tema: Hoe vaar ons wanneer die Here sy skietlood in ons midde aanlê?

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, wanneer jy 'n blink deurskynende klippie optel, kan jy maklik dink dat jy 'n diamant opgetel het. Miskien sal jy baie skepties wees as iemand hier in die veld 'n blink deurskynende klippie opgetel het en jou vertel dit is 'n diamant. Maar as hy vertel dat hy dit in die omgewing van Kimberley opgetel het, sal jy hom makliker glo. Maar uiteindelik sal jy bewyse wil sien wat die bewering gaan staaf.

Die enigste manier om bewyse te kry dat die blink deurskynende klippie wel 'n diamant is, is om dit te toets. Indien dit 'n diamant is, sal die klippie nie sommer breek as jy hom met 'n hamer slaan nie. Net iemand wat regtig oortuig is dat hy 'n diamant het, sal so 'n drastiese toets gebruik om te bewys dat dit regtig 'n diamant is.

Na aanleiding van ons kernverse kan iemand beweer dat hy 'n meesterbouer is, want hy het die vaardighede sowel as die kwalifikasies om te kan bou. So iemand sal selfs dokumente aan jou kan voorlê van die kwalifikasie dat hy 'n meesterbouer is. Maar uiteindelik is dit die skietlood wat gaan bewys of die bewering van die man die waarheid is of sommer net praatjies.

Dit is presies dieselfde met die mense van God. Ons kan vir mekaar en vir ander mense sê dat ons in God glo. Ons kan vertel dat ons deel het aan die hemelse seëninge wat die Vader in Christus aan sy gelowiges skenk – die Heilige Gees, sondevergifnis, die ewige lewe. Ons kan selfs 'n sertifikaat wys dat ons belydenis van geloof gedoen het en daarom Christene is – ware gelowiges. Maar dit is eers wanneer die skietlood van God se toets in ons lewe aangelê word dat die egtheid van hierdie woorde bewys word.

Broers, susters en kinders, vergelyk 'n mens die eerste twee visioene met die derde een sien 'n mens baie duidelike verskille raak. Die een verskil wat ons dadelik opmerk is dat Amos in die eerste twee visioene tot die Here bid vir die volk, maar hy bid nie by die derde visioen nie. In die eerste twee visioene sien Amos wat die Here gaan doen – Hy gaan sy volk met die sprinkaanplaag of met die vuur geheel en al vernietig. Amos besef dit is wat die Here vir hom wys en hy bid dan ernstig tot die Here vir die volk. En dan verhoor die Here elke keer die gebed van Amos. Maar hier by die derde visioen bid Amos nie – om die een-voudige rede dat beproewing of toetsing onlosmaaklik deel is van die lewe van gelowiges in hulle verhouding met die Here.

Van die Here se kant af is sy verhouding met sy mense permanent en onvernietigbaar. Die mens se verhouding is egter nie so vas en stewig nie. Selfs ware gelowiges beleef tye in hulle verhouding met die Here dat hulle eintlik maar ver van die Here af is. Ander tye leef hulle regtig intiem met die Here. Dan is daar ongelukkig ook mense wat maklik sê dat hulle Christene is, maar as die toets te erg raak, gee hulle op en dan kom hulle ware kleure na vore.

Die meeste kere word ons nie voor die tyd gewaarsku dat ons verhouding met die Here getoets gaan word nie. As ons ons oë uitvee gebeur daar dinge in ons lewe wat ons nie mooi verstaan nie, maar die Here sê vir ons in ander Skrifgedeeltes, soos in 1 Petrus 1, dat dit sy beproewings is. Hy wil ons geloof suiwer en ons nog beter begrip laat kry van sy trou en sorg en liefde vir sy kinders. Sulke onverwagse toetse is nie aangenaam nie, maar dit beteken nie dat ons nie daarop voorbereid kan wees nie. Alhoewel ons eintlik elke dag vir sulke toetse kan voorberei is die voorbereiding voor nagmaal 'n gulde geleentheid om voor te berei en seker te maak hoe dit werklik in ons verhouding met die Here gaan. Dit is waarmee die Heilige Gees ons vanoggend gaan bystaan wanneer die Here sy skietlood in ons lewe as gemeente en ons lewe as gelowiges gaan aanlê.

Amos sien **die Here op 'n loodregte muur staan, en daar was 'n skietlood in sy hand**. Let op, die muur is reeds loodreg gebou en nou word dit aan die toets van die skietlood onderwerp om dit as 'n loodregte muur te waarborg. Die muur het reeds gehad wat nodig is om loodreg te wees en daarna is dit getoets of dit voldoen aan die standaard. As ons dan wil weet wat die skietlood is wat die Here in die midde van sy volk gaan aanlê, moet ons vra: Wat het die Here aanvanklik aan sy mense gegee wat ook op enige tydstip gebruik kan word as 'n meetinstrument? Wat het die Here vir jou en my en vir ons as gemeente gegee waaraan Hy ons ook meet om ons verhouding met Hom te toets?

Israel was vas daarvan oortuig dat hulle die volk van die Here is. Daarmee was hulle nie verkeerd nie, want die Here het hulle tussen al die volke uitgekies. Hy het Hom in besonder aan hulle geopenbaar. In die tyd van Isak en Jakob het die Here Homself telkens aan sy mense geopenbaar deur te sê:

Ek is God, die God van jou vader. (Genesis 46:3 AFR53)

Hierdie openbaring het die nageslag van Abraham as familie saamgebind en het hulle onderskei van alle ander mense. Hulle is mense wat aan die Here behoort en daarom aan mekaar behoort. Uiteindelik het hierdie selfopenbaring van die Here in die dae van Moses uitgeloop op die openbaring van sy Naam: **Ek is die HERE** (Eks 6:6).

So 'n selfopenbaring van die Here – alhoewel dit vasstaan – kan as gevolg van die mens se swakheid tot 'n vae herinnering van die verlede behoort. Om te keer dat sy volk Hom sal vergeet het Hy sy selfopenbaring relevant gemaak in hulle daaglikse lewe. Die Here doen dit deur sy volk te beveel om Hom in hulle daaglikse doen en late te weerspieël wanneer Hy vir hulle sê:

Heilig moet julle wees, want Ek, die HERE julle God, is heilig.
(Levitikus 19:2 AFR53)

Hierdie woorde in Levitikus is van besondere belang. In hierdie woorde hoor ons 'n verklaring van die aard en die doel van die wet wat die Here aan sy volk gee. In Levitikus 19 vind ons die mees uitgebreide uiteensettings van die wet vir die lewe van God se volk. Die voorskrifte dek werklik elke deel van die mens se lewe en deur die hoofstuk weerklink dit telkens soos 'n refrein: **Ek is die HERE**.

Met hierdie refrein dwarsdeur die hoofstuk druk die Here die stempel van sy gesag af: Doen dit, want Ek sê so. Maar dit is nie die enigste rede waarom die Here hierdie woorde so baie herhaal nie. In hierdie refrein sê die Here ook: Wanneer julle doen wat Ek julle beveel weerspieël julle wie Ek is – dan vertoon julle die beeld van julle God – want in die wet maak die Here sy eie karakter aan ons bekend. Die wet is dus 'n woordelikse bekendmaking van die Here self en daardeur maak Hy Homself teenwoordig onder sy volk. Die voorskrifte in die wet gee dus uitdrukking aan wie die Here is.

Luister hoe bring die Heilige Gees van wie die Here is en hoe die volk Hom gaan weerspieël bymekaar:

Watter groot nasie se god is so by hom soos die Here ons God by ons is elke keer as ons tot Hom bid? Watter groot nasie se voorskrifte en bepalings is so billik as hierdie wet wat ek vandag vir julle gee? (Deuteronomium 4:7-8 AFR83)

God se selfopenbaring aan sy volk het Israel gemaak wat hulle onder die nasies is. En sy selfopenbaring het Hy in die voorskrifte van die wet gegiet. Die uitnemendheid van die Here sal sigbaar word in die volk se gehoorsaamheid aan die wet.

Maar die wet is nie die enigste of eerste selfopenbaring van die Here nie. Sy eerste selfopenbaring aan sy volk is sy verlossingswerk. Die woorde waarmee die Here Homself aan ons bekendmaak, is nie *Ek is die Here jou God wat die wet aan jou gee* nie, maar **Ek is die Here jou God wat jou Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het** (Ex 20:2). Die Here het sy verlossingswerk gekies as die inleiding tot sy Tien Gebooie. Albei hierdie elemente van die Here se selfopenbaring – sy verlossingswerk en sy wet – hoort bymekaar. Die twee elemente kan nie van mekaar losgemaak word nie. Die een sonder die ander is onvolkome. En die twee elemente kan nie omgeruil word nie. Omdat God eerste Verlosser is deur die bloed van die paaslam, is Hy ook die Wetgewer. In die wet lê die Here dan uiteen hoe die lewenstyl moet wees van mense wat deur die verlossing na die Here toe gebring is.

Ons hoor hierdie twee elemente van God se selfopenbaring nog 'n keer duidelik in Deuteronomium:

Maar omdat die HERE julle liefgehad ... het, het die HERE julle met 'n sterke hand uitgelei en ... verlos. Jy moet dan weet dat die HERE jou God God is ... Hou dan die gebod en die insettinge en die verordeninge wat ek jou vandag beveel om dit te volbring. (Deuteronomium 7:8-11 AFR53)

Die Here se liefde vir sy volk vloei uit in sy verlossing van Israel, en die verlossing lei hulle in 'n lewe van gehoorsaamheid in. Dit is die louter genade van die Here wat die volk deur sy verlossingswerk na Hom toe gebring het. Deur genade alleen kan hulle in gemeenskap met God bly lewe. En watter groot genade betoon die Here nie aan Israel nie! As gevolg van hulle hardkoppige sondigheid sal hulle nie die beeld van God suiwer kan uitdra in die lewe nie. Hulle gaan weer in sonde val. Daarom het die Here die offers ingestel. Deur die bloed van die offers word hulle wat deur die bloed van die lam verlos is in gemeenskap met God gehou. God wil sy mense in gemeenskap met Hom behou, want Hy wil hê dat hulle Hom in hulle daaglikse doen en late sal weerspieël deur hoe langer hoe meer gehoorsaam te word aan sy wet waarin Hy Homself bekendmaak.

Geliefdes, wanneer die Here dan sy skietlood in ons midde aanlê – in die midde van my en jou lewe aanlê – kom toets Hy ons nie met iets waarvan ons niks weet nie. Sy verbintenis met gelowiges deur sy selfopenbaring in die verlossing en die wet is die skietlood van die Here.

Ons ken die Here as die Verlosser. Hy is barmhartig en genadig. So leer ons God in en deur Jesus Christus ken. Hy is getrou en waaragtig. Hy het Homself daartoe verbind om self die prys vir sondaars se lewens te betaal. Jesus Christus het Homself onder die regverdige oor-deel van sy Vader gestel om die prys vir jou en my lewe te betaal. Met sy kosbare bloed het Christus ons losgekoop uit die heerskappy van die duiwel sodat ons nou met liggaam en siel in lewe en in sterwe aan Jesus ons Here mag behoort.

Omdat Hy ons verlos het, het Hy sy Heilige Gees aan ons gegee om die verlossing ook vir my en jou 'n werklikheid te maak. Deur Christus alleen is ons nou verlos van die skuld van vroeër. Die Heilige Gees gaan verder om die wet – die ander deel van God se selfopenbaring – op die tafels van ons harte te skryf. Hoe langer hoe meer laat die Heilige Gees ons begryp hoe die Here werklik is. En wanneer Hy die wet op die tafels van ons harte skryf, wil Hy dat ons hoe langer hoe meer sal verander om die beeld van God in ons daaglikse doen en late te vertoon.

Wanneer die Here dan sy skietlood in ons midde aanlê, gebruik Hy nie alleen sy wet om te toets of ons lewens aan sy volmaakte wil voldoen nie. Indien die Here dit doen, is dit klaarpraat met enige mens, want niemand van ons kan volmaak doen wat die Here van ons in die wet eis nie. Die Here se skietlood is ook nie net sy genadige verlossingswerk nie. Israel het in die dae van Amos die genade van die Here aangegryp met die offers wat hulle aan die Here gebring het, maar die Here het duidelik gesê dat hulle offers onaanvaarbaar is.

Nee, wanneer die Here sy skietlood aanlê, kom Hy met beide dele van sy selfopenbaring. Elkeen wat dan probeer om volgens die wet te lewe maar die genade vergeet, staan veroordeel voor die Here. Elkeen wat dink hy kan die Here beïndruk met gehoorsame lewe en nie wil steun op die volmaakte werk van Christus aan die kruis nie, staan veroordeel voor die Here. Daarom kom niemand na die nagmaal van die Here omdat hy die wet van die Here gehoorsaam nie.

Net so staan elkeen veroordeel voor die Here wat alleen die genade van die Here soek, maar hom nie steur aan die geregtigheid van die Here soos wat Hy dit in sy wet bekendmaak nie. Ons kan nie vasgryp aan die genade van Christus en nagmaal vier en dink alles is nou weer reg tussen ons en die Here terwyl ons ons nie verder steur aan sy voorskrifte vir ons nie.

Die gelowige wat sy lewe buite homself in Christus soek omdat hy net deur Christus verlossing kan hê en hierdie genade wat hy ontvang ook in sy lewe na buite uitstraal deur gehoorsaam te lewe en die beeld van God in sy lewe vertoon, sal langs die skietlood wil staan, want hy wil die Here verheerlik oor wat die Heilige Gees in hom gedoen het.

Hoe regop staan ek en jy langs hierdie skietlood van die Here? Is die verlossing deur Jesus Christus regtig 'n werklikheid in ons lewens of verbeel ons onself dat ons verlos is? En as ek en jy dan regtig verlos is, hoe duidelik kan ander mense al die Here in my en jou herken?

Amen!

Slotgebed

Psalm 139:2, 12 (p. 674)

- 2 My gaan en lê, waar ek my wend – / my weë is aan U bekend;
geen woord het nog my tong ontval / of kyk, o HEER, u weet dit al.
U sluit my in: ek is gevange, / u hand 's op my in al my gange.
- 12 Deurgrond, o Heer, en ken die swart, / verborge dieptes van my hart;
of diep in my, waar U kan lees, / 'n skadelike weg mog wees.
En lei voortaan my wank'le skrede / tog op die weg van ewige vrede.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Katkisasieopening

Skrifberyming 14-2

Al sou dan ook die vyeboom nie bot nie, / al sou die wingerd sonder duiwe staan;
die graan verdor, die vrugteboorde wegkwyn, / die beeste, kleinvee, alles hier vergaan –
nóg sal ek juig en bly wees in my God! / Hy is my hulp, Hy gee my krag.
Hy laat my loop waar rats die ribbok gaan; / Hy laat my vas en veilig staan!

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
22 Mei 2016